



KOM TOER SAAM!

Verken Suid-Afrika met ons bustoere vir 2020/2021

Krugerpark Panorama Roete Toer

Begin: Randburg – Randburg
Soort: Avontuur Buitelug Trokkie
Verwysing: BM/KP
Fisies: 'n Basiese vlak van fiksheid is nodig vir u om die toer werklik te geniet.
Hierdie toer is veral geskik vir mense onder die ouderdom van 70 jaar.

Is hierdie die regte toer vir u?

- Krugerpark se temperature is gemiddeld 28°C.
- Hierdie toer behels selfsorgeenhede/lodge vir akkommodasie.
- Hierdie toer word aangebied in 'n Semi-Luukse Crafter bussie sonder toiletgeriewe. Ons verkieks om nie meer as 16 persone te neem nie, en daarom is daar GEEN enkelakkommodasie beskikbaar nie.

HOOGTEPUNTE:

- ✓ Sudwala Grotte
- ✓ Skukuza Kamp
- ✓ Lower Sabie Kamp
- ✓ Berg-en-Dal Kamp
- ✓ Drie Rondawels
- ✓ "Bourke's Luck Potholes"
- ✓ "Pinnacle Rock"
- ✓ "The Gorge"

Toer Verw:	Datum 2020:	Tarief	SADC
BM/KP	12 – 18 Julie 2020	R9 200-00	Deel Tarief (per persoon)

Betaal R1 000p/p. deposito (binne 14dae) nadat u bespreking bevestig is, en balans 30dae voor toer vertrek. (Deposit nie terugbetaalbaar met kansellasié nie).

Ingesluit: 5 Nagte Selfsorgeenhede en 1 Nag Lodge
Geregistreerde Toergids
18 Sitplek Semi-Luukse Volkswagen Crafter Bussie
Toegangsgelde (soos aangedui op program)
Etes, soos aangedui

Uitgesluit: Drankies
Footjies
Etes, soos aangedui

Kontak persoon: Das Badenhorst
T: 011 919 9017 | S: 083 410 1745 | F: 011 9190211 | E: dasb@atkv.org.za



KOM TOER SAAM!

Verken Suid-Afrika met ons bustoere vir 2020/2021

REISPROGRAM – 7DAE KRUGERPARK PANORAMA ROETE TOER

Dag 1: **Randburg – Nelspruit**

Vandag vertrek ons vroeg vanaf Randburg op roete na Nelspruit. Die bussie stop by Alzu Petroport (N4) vir 'n ligte middagete (eie onkoste). Besoek Sudwala grotte op ons pad na Nelspruit waar ons sal oornag in 'n lodge.
(Geen parkering van voertuie beskikbaar by ATKV-Hoofkantoor Randburg nie)

ETES INGESLUIT: Aandete. (Ontbyt & middagete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Road Lodge Mbombela

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Sudwala Grotte

Dag 2: **Nelspruit – Skukuza Kamp**

Na ontbyt vertrek ons via Witrivier en Hazyview na die Phabeni Hek op pad na Skukuza Kamp waar ons sal oornag. Gedurende ons eerste rit in die park sal ons diere kyk.

ETES INGESLUIT: Ontbyt. (Middagete & aandete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Skukuza Rondawels

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Diere besigtiging

Dag 3: **Skukuza Kamp – Lower Sabie Kamp**

Ons geniet 'n vroeë ontbyt en reis vir die dag na ons oornag akkommodasie te Lower Sabie Kamp.

Ons stop by watergate en rek soms bene terwyl ons reis. Indien jy 'n aand rit wil neem, is jy meer as welkom om te bespreek by die park, op eie onkoste.

ETES INGESLUIT: Ontbyt. (Middagete & aandete op eie onkoste)

AKKOMMODASIE: Lower Sabie Tent/Rondawel

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Diere besigtiging

Dag 4: **Lower Sabie Kamp – Berg-en-Dal Kamp**

Ons doen 'n vroeë ontbyt en vertrek op die roete na Berg-en-Dal Kamp waar daar sal oornag word.

Ons stop by watergate en rek soms bene terwyl ons reis. Indien jy 'n aand rit wil neem, is jy meer as welkom om te bespreek by die park, op eie onkoste.

ETES INGESLUIT: Ontbyt, middagete & aandete

AKKOMMODASIE: Berg-en-Dal Rondawels

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Diere besigtiging



KOM TOER SAAM!

Verken Suid-Afrika met ons bustoere vir 2020/2021

Dag 5:

Berg-en-Dal Kamp - Graskop

Ons laaste ontbyt by Tindlovu Restaurant. Die laaste stukkie pad uit die park neem ons tot by Malalane Hek. Ons vertrek via Witrivier en Sabie na Graskop. Vir die volgende 2 nagte sal ons oornag by hierdie pragtige selfsorgeenhede wat gebou is op die randjie van 'n asemrowende kloof.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt & aandete. (Middagete op eie onkoste)
AKKOMMODASIE: Panorama Selfsorgeenhede*

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Diere Besigtiging
- ❖ Panorama Kloof Uitsig

Dag 6:

Graskop

Heerlike ontbyt met die mooiste uitsig. Ons vertrek vir die dag om die omgewing te gaan verken. Gemaklike stapskoene is net die regte skoene vir vandag.

Later die middag keer ons terug na Graskop.

*ETES INGESLUIT: Ontbyt & aandete. (Middagete op eie onkoste)
AKKOMMODASIE: Panorama Selfsorgeenhede*

HOOGTEPUNTE INGESLUIT:

- ❖ Drie Rondawels
- ❖ "Bourke's Luck Potholes"
- ❖ "Pinnacle Rock"

Dag 7:

Graskop - Randburg

Ons laaste ontbyt met die mooiste uitsig.

Ons stop vinnig vir dié wat graag "The Gorge" wil beleef. Mooiste staproete in die kloof met houtpaadjies vir gemaklike stap en redelik baie trappies. Gemaklike toegang tot die kloof deurmiddel van 'n hysbak. (*When the wind blows the trees are whispering to one another*)

Daarna vat ons weer die pad terug na Randburg om laat middag te arriveer by ATKV-Hoofkantoor.

ETES INGESLUIT: Ontbyt. (Middagete op eie onkoste)

HOOGTEPUNTE NIE INGESLUIT NIE:

- ❖ "The Gorge"

(Program kan aangepas/verander word weens omstandighede buite die ATKV se beheer)



KOM TOER SAAM!

Verken Suid-Afrika met ons bustoere vir 2020/2021

BELANGRIKE INFORMASIE

Dit is van belang dat u gesond is wanneer u hierdie toer meemaak, en nie verkoue/griep onderledig het nie. Mede toerlede kan daardeur geaffekteer of dalk aangestek word.

Tydens die beplanning van die toer was die bostaande roete, aktiwiteite asook toer-plan korrek, maar ons streef onophoudelik daarna om aan ons kliënte die beste en veiligste toer te bied, ten alle tye. Ons behou die reg voor om op enige tyd aanpassings of veranderings aan die toer/roete of aktiwiteite te maak op ons diskresie, in belang van die groep.

Gedurende die verloop van tyd verander toestande van die paaie (hetsy goed of sleg) wat gewoonlik nuwe roetes oopmaak. Gekontrakteerde kampe en akkommodasie se standaarde verander (hetsy goed of sleg), opsionele aktiwiteite word beskikbaar of word by-gelas en sommiges gaan uit besigheid uit, nuwe grense maak oop of die normale grense word eenvoudig net te besig, ens. Ons monitor onophoudelik elk van die bogenoemde faktore wat tot die sukses van die toer sal lei en sal dus veranderings maak indien omstandighede dit vereis of indien dit die toer positief sal baat.